## AANKONDIGING!

Kragtens 'n kennisgewing wat in „Die Wapad" van 7 deser verskyn het sou hierdie uitgawe afgestaan word aan die Federasie van Suid-Afrikaanse Studente vir publikasies. Ongelukkig moet ons meedeel dat die publikasies nie vir hierdie uitgawe persklaar gemaak kon word nie. O ns vertrou egter dat die uitgawe wat op 18 April sal verskyn die Federasie-uitgawe sal wees.

* * *

Die redaksie is van plan om van ons proffessore te nader ten einde vir ons 'n reeks artikels te skrywe oor die s.g. Evolusie teorie, aangesien hierdie saak in die laaste tyd oneindig veel publisiteit in verskillende tydskrifte geniet—die skrywers hiervan is natuurlik uitgesproke Evolusioniste wat hulle linkse gedagtes op hulle gewone linkse manier aan ons volk opdis. Dat vele op dié wyse van die fondamente van hulle geloof afgeruk word vanweë hulle onkunde, is nie te betwyfel nie. 'n Mens kan òf die Skrif aanvaar en bely òf die Evolusie teorie—beide is nie moontlik nie, daarom voel ons dat dit noodsaaklik is dat hierdie s.g. teorie deeglik aan die ontleedmes onderwerp moet word, sodat die lig vir ons as studente ook deur hierdie valsheid heen ten volle kan deurbreek. Hou dus maar die kolomme van „Die Wapad" in die toekoms dop!

## IN EN OM DIE P.U.K.

Die redaksie verwelkom gedagtewisseling. As u iets op die hart het, laat ons hoor wat dit is. Veral sien ons graag 'n reaksie op geplase briewe, artikels ens. waarmee sommige miskien nie saamstem nie.

* * *

Ons hartlike dank aan mnr. H. J. A. du Plessis (Dup) vir sy eerste bydrae vir die oudstudente-rubriek wat in hierdie uitgawe verskyn. Ons wil die hoop uitspreek dat al die oudstudente sy voorbeeld sal volg.

* * *

Ons hartlike gelukwensing aan mnr. J. A. L. Taljaardt met sy verlowing. Wie volg?

* * *

Mnr. Jan Botha tree 22 deser in die huwelik met mej. J. Postma; mnr. J. A. du Plessis (Roes) die 4de April met mej. A. C. Ras. Uit betroubare bron word verneem dat mnr. I. D. v.d. Walt (ou I.D.) ook in die e.k. vakansie op een of ander tyd die huwelikstaat gaan betree.

* * *

In die plek van mnr. Taljaardt wat moes bedank, is mnr. S. L. Vorster gekies om die vakature in die S.V.R. op te vul. Hartlik geluk! Ons weet dat ons in u 'n krag het.

* * *

Simpatie aan mnr. G. L. Kruger met die afsterwe van sy moeder. Mag u in hierdie dae die vertroosting van die H.G. in ryke mate ervaar.

* * *

Ons wil 'n beroep doen op alle oudstudente om in te teken op „Die Wapad" en vir ons artikels vir die oudstudente-rubriek te stuur.

* * *

Ook nog ons hartlike gelukwensing aan mnr. L. V. Postma en mej. Nellie van Rooy met hulle huwelik. Wie volg?

# *Rubriek vir Algemeenhede*

## DIE UITHEEMSE BIOSKOOP

### 'n Gevaar!

Daar is verlede jaar in die kolomme van „Die Wapad" deur twee medewerkers onderskeidelik egwaarsku teen die lees van prikkelende lektuur wat die sedelik-godsdienstige grondslae van ons jongmense ondermyn. Daar is o.i. egter 'n veel groter gevaar waarteen eweneens gewaarsku moet word omdat dit die sedelik-godsdienstige grondslae van ons volk ondermyn soos niks anders dit kan doen nie en dit is die uitheemse bioskoop wat, helaas, ook deur talle van ons studente druk besoek word. In hierdie artikel stel ons ons dan ten doel om in enkele woorde teen hierdie ontsettende kanker in die murg van die beskawing die waarskuwende stem te verhef.

Die Rolprentbedryf kan beskou word as die wêreld se grootste bedryf waarin sowat 700 miljoen pond belê is. Volgens skatting gaan 200 miljoen van die mense van die wêreld die 62,000 bioskope wat aan hulle diens gewy is per week binne. Die bioskope in Groot-Brittanje word weekliks gemiddeld deur 26,400,000 persone bygewoon. Volgens syfers in die Volksraad genoem word die bioskope in Suid-Afrika deur sowat 25,000,000 mense per jaar besoek. Drie miljoen pond word jaarliks in ons land aan toegangspryse aan die bioskope betaal. Hollywood oefen 'n geweldige onberekenbare invloed op ons tyd uit!

Die rolprent is die produk van 'n ontspannings nywerheid. Maar hierin skuil juis ook sy gevaar. As 'n vertoning heeltemal of gedeeltelik opvoedkundig sou wees, sou die gehoor dit krities benader. By ontspanning word die onderliggende filosofiese motief e gter sonder meer gesluk—sonder verdere navraag, sonder verdere kritiek, wel egter met onuitwisbare gevolg vir die gemoed. Want wat baie mense wat die bioskoop besoek terwille van ontspanning verbysien is die feit dat Hollywood 'n lewens- en wêreldbeskouing wat die vrug is van die liberalisme en daarom totaal vreemd staan teenoor ons Christelike volkstradisies en sedes.

Die lewensbeskouing wat Hollywood op die silwerdoek opdis staan in die teken van die treurige naturalisme waarin ons eeu veral op sedelike gebied verval het. In plaas van die Christelike opvatting van beheersing van die natuur deur die mens tot eer van God en bestryding van die sondemagte wat die natuur r(ook die menslike natuur) verkneg, verkondig hierdie mense die leer van willose oorgawe aan die natuur, want al wat natuurlik is is volmaak. Teenoor die redeliksedelike, teenoor die beheersing van die gees, word die „lewe" gestel, die oorheersing deur die natuurlike lewe. Die redelik-sedelike lê die lewe aan bande en is daarom die oorsaak van al die siekte-verskynsels, wat met die naam neurose, slegte senuwees, aangedui word. Dus, breek die bande los, drink die vryheidslug in en al die wrange vrugte van 'n onnatuurlik gebonde lewe sal verdwyn. Die lewe is 'n stroom van ontstaan en vergaan, 'n eindelose wordingsproses wat hoofsaaklik onbewus plaasvind. En dit is salig om jou willoos in daardie stroom te werp. Die natuurlike lewe, ook wel die „al-lewe" genoem, word beheers deur die natuurlike drifte, die instinkte, soos dit by plante en diere aangetref word. Die instink draai die bloeiende plant na die sonlig toe; dit fluister vir die voeltjies die pad op die trek na vér lande; en dit nooi die mens uit om te volg deur middel van neiging en drif. Wat natuurlik is, is onbedorwe, daarom volg die lewe na en leef u uit, soos 'n blom hom uitlewe in die lig van die son, soos 'n dier hom uitlewe in die oop velde!

Vanselfsprekend speel seksualiteit in so 'n lewensbeskouing 'n groot rol. Daarom teer die bioskoop op die seksuele drange van die mens. Dit is selde dat 'n mens vind dat hierdie geslagselement in 'n prent van Hollywood ontbreek. Volgens onlangse statistieke is daar gedurende 'n tydperk van 12 maande nie minder as 929 tonele van naaktheid deur die rolprent getoon nie. Die bioskoop het so 'n geweldige opvatting van die dierlike natuur ontwikkel dat daar 'n voortdurende vraag is vir meer van die geslagselement in druk en beeld. Alle onnatuurlike knellende bande moet verbreek word. So is ook die huweliksband losgerafel. Die huwelik word verlaag tot 'n sosiale kontrak, 'n ooreenkoms tussen twee persone wat vrywillig aangegaan word en te enigertyd weer met wedersydse toestemming opgesê en verbreek kan word. Die egskeidingsgronde moet dus vergemaklik word. Roerende pleidooie word gelewer vir die vrye liefde. Die huwelik is 'n geliefkoosde van die prent. Maar wat 'n karikatuur in die meeste gevalle! Egtelike trou, huislike geluk, kinderseën kom nie in aanmerking nie—dit is mos nie opwindend nie. Daarom word dan ook dikwels fyn uitgewerkte liefdestonele op die doek gebring, wat die sinne prikkel, die verbeelding aanvuur en die hartstogte laat ontvlam.

Vir die menslike verantwoordelikheid het Hollywood geen plek nie. Daarom is die spelers op die doek sonder uitsondering eenlinge wat in geen verband hoegenaamd , tot familie maatskappy, kerk of volk staan nie; elkeen staan as 'n aparte wese heeltemal op homself, is soewerein in sy handelinge, en is alleen aan homself verantwoording verskuldig. Dat hierdie voorstelling regstreeks met die werklikheid van die lewe bots en daarom dan ook 'n valse, onware lewensbeeld gee, behoort vir elkeen duidelik te wees. Getrou aan sy negatiewe blik op die lewe het Hollywood vir ons tyd die ideale lewe gaan uitbeeld. En volgens Hollywood bestaan die ideale lewe in die besit van onuitputlike geldvoorrade, weeldepaleise, luksueuse motorkarre ens. 'n lewe waarin nie gewerk word nie; wat een lang vakansie en partytjies, danse en ontspanningstoggies geword het.

En die gevolge van dit alles? Een van die nadeligste gevolge van die rolprent is seker dat die emosies en ondervindings soos voor ons oog afgerol, ooreenstemmende gevoelens in die aanskouer aanwakker, met die gevolg dat daar eindelik pogings tot nabootsing hiervan aangewend word. Wat Pascal in sy Penseés geskryf het van die teater, geld ook vir die bioskoop in sy teenswoordige gedaante: „Alle groot vermake is gevaarlik vir die Christen se lewe, maar onder almal wat die wêreld aanbied, behoort die teater die mees gevreesde te wees. Dit is die weergawe van die menslike passies so natuurlik en so delikaat dat dit tot die geboorte van sulke drifte in ons harte aanleiding gee." Vir 'n groot gedeelte van sy miljoene dissipels het die fantastiese droomwêreld wat Hollywood vir hulle op die silwerdoek opdis dan ook inderdaad die ideaal van hulle eie lewe geword. En wat het hulle daaruit gekry? Beroof van die toweragtige krag wat die helde van die rolprent voor hulle laat skitter het, het hulle in die nabootsing van hierdie „helde" niks anders as hulle sedelike bederf oorgehou nie. Op Hollywood, as opvoeders van die massas, is inderdaad die Skrifwoord van toepassing: „Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword." (II Petr. 2: 19). Hollywood het die mens beroof van sy geestelike adeldom. Die gevolg is dat die moderne mens beroof is van lewensdiepte. Sy lewe is geestelik verarm en by al sy stoflike welvaart is hy bankrot. Hy lewe sinloos en doelloos. Verantwoordelikheidsbesef en roepingsbewussyn het verdwyn en hy word soos 'n skip sonder stuur en sonder roer en koersloos dobber hy rond op die lewenssee om uiteindelik in die moeras van sy eie dierlike hartstogte te verdrink! Hollywood het 'n mens gekweek wat geen ander ideaal in die lewe het as materiële gerief en singenot nie, 'n mens wat die leuse handhaaf: „Laat

**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

**MANSKLERASIE**

**J. HEIDEMA**

Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk,
POTCHEFSTROOM.

**RYWIELE:**
RALEIGH,
ARGYLE,
SUN,
HERCULES,
PHILLIPS,
UNITY.

**MOTOR-RYWIELE:**
VELOCETTE
MATCHLESS

**J. HEIDEMA**

**BERGERS BEPERK**

*wat steeds lae pryse handhaaf*

—IN—

Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.

BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir vinnige aflewering en beste behandeling.

PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.

*Probeer—Bergers Beperk—Eerste!*

Foon 138 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 64

ELKE DAG VARS.

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir
*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282

KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.

ons eet en drink en vrolik wees want môre sterf ons."

Daarom beluister ons vandag die sterwenskrete van 'n ondergaande wêreldbeskawing wat ál sy ankers prysgegee het en nou besig is om selfmoord te pleeg nadat dit die hoekstene van sy beskawingsgebou (w.o. veral geld 'n kerngesonde gesinslewe) ondergrawe het. Die moderne beskawing, opgevoed deur Hollywood, het geweier om die les van die tragiese ondergang van die Griekse en Romeinse Ryke ter harte te neem. Toe in daardie ryke die materialisme opgekom het en die burgers hulle verpligting teenoor volk en vaderland en nageslag vergeet het, toe die lewe vir hulle opgegaan het in 'n jag na weelde en genot; toe die „ideale lewe" bestaan het in swelgpartye en ure ledig deurgebring by die weelderige badplekke; toe die massas slegs een begeerte geken het nl. na brood en spele; toe die klein gesin 'n mode geword het en die groot gesin aan die veragting prysgegee is, toe het die uur van die Griekse en Romeinse Ryke geslaan. Dit was nie in die eerste plek die Vandale en Germane daarbuite nie, maar hul eie inwendige geestelike en morele verrotting wat daardie magtige ou ryke tot 'n val gebring het.

Sal daardie tragiese geskiedenis hom ook in ons geval weer herhaal? Wat Suid-Afrika in die besonder betref kan ons maar net eén feit in gedagte hou: ons is een van die kleinste ou volkies, omring deur 'n see van naturelle. Die verhouding is min of meer 10 naturelle teenoor 1 blanke. Ons sal ons witmanseer in die toekoms alleen kon handhaaf deur sedelik-geestelike meerderwaardigheid oor die gekleurde bevolking. 'n Mens hoef geen profeet te wees nie om te voorspel dat as hierdie krag by ons afwesig is, die blanke beskawing in Suid-Afrika tot ondergang gedoem is! Hoe kan ons dan toelaat dat ons sedelik-godsdienstige grondslae deur die bioskoop ondergrawe word? Is ons nie besig om nasionale selfmoord te pleeg nie?

Ons is nie teen die moderne fotografie bevooroordeeld nie, en wil nie ontken dat Hollywood af en toe 'n prent van geheel-en-al opvoedkundige en inspirerende aard maak nie. Maar dit is af en toe. Die meerderheid van die prente is geheel-en-al van 'n negatiewe strekking en dis hierteen wat ons te velde trek. Die wêrld het altyd sy vullispoele van onsedelikheid gehad, en daar was altyd dié sedelose mense gewees wat alle gedagte aan godsdiens veronagsaam en in die aansteeklike seë van onsedelikheid baai, maar as sedelike ongedierte tot op die toppunt van populariteit verhoog word, en teen die wêreld uitgewerp word in die vorm van aanskoulike propaganda, roep ons met 'n stem van waarskuwing. As die dwaashede en brassery van die huidige dag tot tydskrifte vir grootmense vir verspreiding beperk was kon ons tog nog die hoop koester om ons jong mense te beskerm, maar as die tonele deur middel van die rolprent aan tere en ontvanklike gemoedere ten toon gestel word, gemoedere wat nog nie sulke handelinge in woorde kan oorsit nie, weet ons dat ons samelewing spoedig onder die selfopgelegde spanning sal breek. Die invloed van die bioskoop skeur vandag aan flarde alles wat eeue van beskawing en Christelike onderwysing ons geleer het om met eerbied en ontsag te beskou. Soos die reusagtige stoomboot op die oseaan skuins gaan, weer regkom, en dan weer aan die een kant sink, en so aanhou tot dit op die rotse te pletter gaan, so voer ons beskawing stryd teen 'n ontsettende slagting van misdaad en onsedelikheid. Alreeds word die stryd van ons kant onseker teen die vyand. Die netwerk van die beskawing beswyk reeds stadig teen die magte van die kwaad. Tensy die krag van die rolprent uit die hande van gewetenlose toneelbelange geruk word, gaan ons stryd misluk!

Gelukkig is daar ook nog in ons land manne wat besef waarop ons afstuur en wat alle middels aanwend vir die vestiging van ons eie Afrikaanse rolprent-wese. Ons dink hier aan die lofwaardige pogings van die rolprentafdeling (Raro) en die fotografiese afdeling (Afor) van die Reddingsdaadbond wat reeds vir jare besig is om belangstellende amateurs op die gebied van die rolprent en die fotografie met meer kennis te voorsien. Geagte medestudente, gaan u pogings van hirdie aard met alles in u vermoë ondersteun, of gaan u Hollywood ondersteun? [Stem u saam.—Red.]

J. P. B. VILJOEN.

## INTERESSANTE GEGEWENS.

Die politieke gevangene in Pretoria, het die volgende interessante gegewens t.o.v. die Afrikaans Bybel vasgestel. Die bevindings het betrekking op die uitgawe van 1934. Ek het die gegewens ontleen aan „Die Pongspan." Dit is die volgende:

a) Die middelste boeke van die Bybel is Miga en Nahum.
b) Die middelste hoofstuk is Ps. 117.
c) Die middelste vers is Ps. 101: 8.
d) Die middelste woord in die Bybel, is die woord **„dors"** in Ps. 63: 2.
e) Die middelste letter, is die eerste **„a"** van die woord „aarde" in in Ps. 68: 33.
f) Volgens letters is Jeremia die langste boek.
g) Volgens hoofstukke, woorde en verse is Psalms die langste boek.
h) Die langste hoofstuk is Ps. 119.
i) Die langste vers is Ester 8: 9.
j) Die kortste boek is die tweede brief van die Apostel Johannes.
k) Die kortste hoofstuk is Ps. 117.
l) Die korste vers is 1 Kronieke 1.

Die 39 boeke van die O.T. bevat 929 hoofstukke en die 27 boeke van die N.T. bevat 260 hoofstukke, tesame bestaan die Bybel uit 66 boeke en 1189 hoofstukke.

Die O.T. bestaan uit 23,216 verse en die N.T. uit 7.959 verse, 'n totaal van 31,175 verse.

Die O.T. bevat 606,871 woorde en die N.T. 187,928 woorde, tesame dus 794,799 woorde. In die O.T. is 2,044,986 letters en 753,267 in die N.T., tesame is daar 3,194,353 letters in die Bybel as geheel.

J.M.O.

## *OUDSTUDENTE —RUBRIEK—*

### SOOS DIT WAS!

19 Februarie. Hierdie dag het ek as vakansiedag verklaar. In die gees was ek weereens student van die P.U.K. Getrou aan die roeping van 'n ware student—ek het nie 'n steek gewerk nie!

Met die lees van die Huldigingsuitgawe van „Die Huisgenoot" (21 Febr.) met Totius se 70e verjaardag was ek weer op die P.U.K. en het dit my gedagtes so 'n vier-vyf jaar teruggevoer. Nie alleen was verandering in ons volkslewe die mees opvallendste kenmerk van hierdie tydperk nie, maar helaas—ook in ons studentegemeenskap en universiteitslewe. Daar is onrusbarende tekens van die tye. Sal die noue kontak wat daar bestaan het tussen „Doktertjie," soos ons hom geken het, en tussen die studente en Professore moet plek maak vir 'n koue onpersoonlikheid?

Ander vrae wat by my opgekom het, was of sekere tradisies en goeie beginsels plek moet maak om 'n ander doel te verwesenlik? . . . En, of daar ooit weer volwaardige P.U.K.-studente sal gekweek kan word, indien sekere tradisies verlore gaan?

„Die Wapad" is maar steeds die pad om die P.U.K. te bereik, en was dus die kortste weg wat ek daarheen kon volg.

In besonder het my simpatie tot die Studenteraad uitgegaan; hulle wat belas is met die moeilike taak om, sonder vryheid, jonger studente in 'n unieke gemeenskap in te lyf . . . Met bekwame leiers aan die spits sal ook hier die beste van 'n slegte saak gemaak word; menige ander sal miskien gesê het: „Maak my nie 'n owerste van die volk nie." In 'n mindere mate gaan hierdie simpatie van my darem ook tot die eerstejaars uit, want hoe kan een veroordeel word in 'n saak waarin hy geen verantwoordelikheid het nie? Later sal hulle wel die gemis voel, sommig voel dit miskien alreeds. Ongelukkig verkeer die S.R. in 'n posisie van gesag sonder vryheid . . . en ons weet wat dit beteken.

Die essensiële vereistes wat gestel word en die hoogste eise om 'n suiwere student te wees is m.i. : (1) Die ouer studente moet geken en erken word as seniors tot 'n mindere of meerdere mate, na gelang die persoon en die besondere geval, m.a.w. die senioriteitsbeginsel, en waarby dan ook ingelyf word die beginsel van inlywing (ontgroening) nie soseer om die hoogmoedige skoolkompleks te vernietig nie, maar om studente van hulle te **maak** in die ware sin van die woord. (2) Die gesag wat oor hom of haar gestel word te erken en te eerbiedig. (3) Kennis te dra van **sy** Universiteit se doel en roeping in die volkslewe, om kennis te hê van die organisasie van die Studentelewe, en om hieraan te voldoen is die aflegging van die brosjure-eksamentjie die enigste middel. Om nie geken en geëer te wees in jou eie land nie kan jou laat uitroep: „Wie sien ons en wie ken ons!" (Jes. 29: 15).

Op 'n onlangse vraag het ek slegs geantwoord: „Ja, u is gelukkig om 'n koning te kan hê" (nie dat dit 'n tekort is wat ek enigsins voel nie—); Mag hierdie nooit die woorde wees van 1947 se eerstejaars nie, nl. „Julle was gelukkig omdat julle 'n ontgroening gehad het"—en glo my, hierdie tekort sal wel eendag seer seker deeglik gevoel word. Mag daar ook nooit eendag van die P.U.K. se studente gesê kan word: „Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring."

Om 'n voorbeeld te neem van so 'n paar jaar gelede: 'n Eerstejaar staan met 'n hoogmoedige houding die P.U.K. vol, slegs met die vae bewustheid dat 'n ontgroening hom te wagte is. Op die eerste vragies van die ouhere en dames is daar nog steeds die onverskillige half-vermetele houding, maar dié is van korte duur. Nadat daar beantwoord is op die „Wie is jy en waar val jy uit?" begin die aangename proses van kennismaking met die ouer studente, en intussen vind die eerstejaar uit dat daar ook nog baie ander dinge is wat hy nog in die lewe sal moet uitvind. Heel gou is die ontgroening verby en vind ons 'n student wat na 'n jaar of wat 'n integrerende deel van die P.U.K. uitmaak en wat die naam van P.U.Kaner volkome waardig is en sal wees. Kan hierdie goue tradisies opgeoffer word? Wat gaan die P.U.K. wees waar jou medestudent nie eers deur jou geken word nie . . . Voorwaar hulle gaan vreemdelinge in hul eie land wees.

En dan is daar nog relase waarvan slegs enkele van die ouer studente van kan praat; om geblinddoek vasgemaak te lê by Cachet op die Fochville-spoor in die aand en die Johannesburg-trein kom aan . . . op die hooflyn . . . en dan die salige gevoel as hy jou misgetrap het; en die skrikwekkende Hof van Hades wat jou hart hoog in jou gehemelte kon laat klop; die „Pompaiade" uit die vroeë dertigs wat ongelukkig 'n vroeë dood moes sterf voordat hy werklik nodig was; en die „Piep-en-levink," ens.; almal nou slegs aangename herinneringe vir die wat dit op een of ander manier kon belewe het!

Maar die ontgroening is mos verwater en bestaan slegs in die aanleer van 'n paar studenteliedjies en die 6v.m. oefeninge en die heerlik paddaspring is alles na die maan. En dan kom een van die „hoogtepunte" in jou studenteloopbaan—alleen een wat werklik ontgroen is kan hieraan werklik deel hê—die ontheffingsgeselligheid; nou is jy een van die begeerde groep en word heelhartig deur al die ouer studente in hulle geledere opgeneem, hoewel jy as eerstejaar weet om hulle te respekteer. Die belewing om die hand van die S.R.-Voorsitter te vat nadat die geringste van die ander studente jou dit geweier het, is nie lig te vergete nie.

Maar sal al hierdie aangename belewinge en genietinge verlore gaan? Sal daar nie weer 'n optog opgeruk word en die „ontgroening" formeel vir goed begrawe word nie? Nooit, nee, nie dit nie! dit sal die woorde wees van elke student wat begeer om 'n waardige student van die P.U.K. te word. Op hulle rus dan ook 'n algehele onderwerping aan alle gesag en as daar enige pit in hulle is sal hulle selfs kan eis dat die ontgroening in ere herstel sal word om die ou P.U.K. te laat voortleef!

Om op die konsekwensies in te gaan as daar geen ontgroening is nie, is onnodig, hoewel ek net so een en ander graag wil noem: Ten eerste word ek nie geken nie en ken niemand nie, en wat meer is ek word nie erken as P.U.Kaner nie; daar bestaan hoegenaamd geen onderlinge kontak nie; die ou tradisies gaan saam met hierdie geslag ten onder en verlore en leef slegs voort in die annale van die geskiedenis en in die herinnering.

En ten slotte hoe kan die beginsel van die P.U.K. volkome uitgeleef en uitgedra word waar ons 'n huis kry wat teen homself verdeeld is! Kan daar van die studente wat self op 'n baie deeglike manier ingelyf is verwag word om jonger studente op 'n ander manier op te neem as deur die wat hulleself moes deurmaak? Mag daar 'n totale miskenning van die 1947 eerstejaars wees?—nee, die gevolge kan fataal wees vir die P.U.K. self—al word die P.U.K. ook 'n onafhanklike Universiteit met 'n studentetal van 'n vier- of vyf-duisend!

In die behoud van die ontgroening lê die krag van die vorming van ware, stoere P.U.Kaners, stryders en vegters vir die beginsel en die leuse van 'n Alma Mater, manne wat die kern van die volk is en eendag sal wees, manne en vroue wat geken word deur die waaragtige uitlewing van dié beginsel!

Groete en sterkte,

H. J. A. DU PLESSIS.

Vryburg,
26 Feb., 1947.

## *SPORTRUBRIEK*

### VOETBAL.

Dit is jare laas dat daar so 'n groot entoesiasme vir die spel hier ter plaatse opgemerk is—en soos die spelers reeds nou-al, nog voor die seisoen eintlik begin, stof trap op die velde, toon dat dit vanjaar nie net by entoesiasme gaan bly nie, maar 'n beker of wat moet noodwendig vanjaar na ons kom.

Graag wens ons hiermee 'n beroep op die studente te doen, om hierdie gees nie te laat verslap gedurende die helie seisoen nie. Vanjaar moet die Pukke sommer voetbal speel, soos selde of nooit hier in Wes-Transvaal te sien was nie.

Aan Oom Rabo ons hartlike dank dat hy weer die moeilike (hyself is ook maar moeilik, maar almskie) taak op hom geneem het—nl. om die Theos. en „Navy" af te rig. Ook aan Meneer Coetzee wil ons al vooraf meedeel dat veral die agterlyn in hom volkome vertroue het.

Aan Menere Fourie en Coetzee hoef ons eintlik niks te sê nie. In hulle lê die gees van die O-19 en „Fires"-spanne. Ons vertroue is ook net so sterk in die ander here wat hierdie klub met raad en daad bystaan, veral in ons Voorsitter, mnr. du Toit.

S. L. VORSTER
(Sekretaris).

### MANS-HOKKIE.

Dit skyn of die roes van die vakansie nog nie juis agter die rug is nie, want die spelers is nog nie besield met die werklike gees en vuur vir die spel nie. Die faam wat verlede jaar ingeoes is mag gladnie bydra dat ons dink dat dit weer so voor die wind sal gaan nie. Ons spel op sigself kan nog baie verbeter.

Die klub het nog nie te veel ondersteuning van die nuwelinge ondervind nie, want slegs enkeles het aangesluit. Van die eerstejaars het nog nie een hulle by ons geledere kom voeg nie. Ons is gewillig om diegene wat nog nie met die spel vertroud is nie, die nodige lyding te gee. Kom,—en betoon maar net julle bereidwilligheid!

Daar sal bepaald 'n radikale verandering in die toestand moet intree, of so nie sal die spel 'n gestadigde dood hier op die P.U.K. sterf—en dit sal dan natuurlik nie na ons hoofde geslinger kan word nie,—maar dit sal op u verantwoording rus. Onthou die ou spelers bly nie vir altyd hier om ons inrigting se naam hoog te hou nie.

Afgesien van dit alles glo ek nie dit ek te optimisties is as ek beweer dat die eerste span—wat feitlik onveranderd is—dit vanjaar weer baie vèr gaan bring nie. Selfs die I.B. behoort met nodige entoesiasme nie te sleg te vaar nie.

Op 5 en 7 April word daar aan 'n toernooi op Vryburg deelgeneem, en ons hoop is dat die span hom terdeë sal laat geld en die Kalahari-boere wys hoe hokkie gespeel moet word. Baie sterkte!!

G. H. J. KRUGER,
(Kaptein).

## KRIEKET.

Die Krieketklub het weer aan die begin van hierdie kwartaal sy bedrywighede hervat.

Ongelukkig kon weens die beperkte tyd nie geoefen word nie, maar nogtans is 'n paar wedstryde gespeel en hier het die Krieketspan weer getoon tot watter hoogtes hulle instaat is.

Die eerste wedstryd was teen Witrand? die wenners van die W.T. Krieketliga en hier het die P.U.K. so goed vertoon dat hulle met 24 lopies kon wen. Veral wil ons vir Jood Struwig gelukwens met die telling van 51. Hartlik geluk Jood.

Die tweede wedstryd was teen Proefplaas en hier het die PUKKE weer die P.U.K. se naam hoog gehou deur met 49 lopies te wen.

Teen die Kamp moes ons die onderspit delf met 4 lopies, maar die krieketspan kan netso goed verloor as wen.

Teen Heidelberg Normaal het die P.U.K. voortgebou op sy prestasie van verlede jaar, en hierdie keer het ons die Heidelbergers met 99 lopies verslaan. Peet Struwig word hier rgelukgewens met sy prestasie van 83 lopies. Baie mooi ou Peet ons voel trots op jou. Ook aan P. Malan en K. Struwig vir hulle prestasie in die boulwerk.

Saterdag 22 Maart speel ons teen U.P. Aan alle spelers, sterkte, hou die naam van die P.U.K. hoog en speel Saterdag krieket soos krieket gespeel moet word en soos julle altyd speel.

F. S. DU T. MEYERS,
(Voorsitter).

## ATLETIEK.

Op 12 Maart was die jaarlikse interfakulteit sportbyeenkoms weer gehou en die B.Sc.'s was hierdie keer die oorwinnaars.

Mooi prestasies is dié gelewer en 'n hele aantal rekords is daarmee heen. Die volgende nuwe rekords is opgestel:

Dames Werpskyf—84vt. 9dm.—Mej. K. de Wet.
Dames 100 treë—12.3 sek.—Mej. J. Marais.
Dames Vèrspring—14vt. 7dm.—Mej. J. Maris.
Mans Bo-19 Hoogspring—6vt. 0⅞dm.—Mnr. E. Müller.
Mans O-19 Hoogspring—6vt. 2⅞dm.—Mnr. E. Müller.
Mans Bo-19 Spiesgooi—181vt.—Mnr. C. J. van Wyk.

Die betrokke persone word hartlik gelukgewens met hierdie prestasies asook met die verowering van bekers.

Die mooi gees aan die dag gelê deur die atlete wat minder gelukkig was is te admireer en verdien navolging.

Langs hierdie weg wens die Atletiekbestuur ook sy opregte dank aan personeellede en studente wat, in watter opsig ookal, betrokke was by die Sportbyeenkoms, oor te bring.

A. VAN DER WALT
(Kaptein).

## KORFBAL.

Die eerste en tweede Korfbalspanne is van plan om vanjaar weer met nuwe moed en ywer te speel en te verower so ver hulle gaan. Die eerste span hoop om nie alleen die plaaslike beker te bekom nie, maar om vanjaar ook die Unie-skild huis-toe te bring!

Graag wens ons ook vir mej. C. de Wet in ons midde welkom te heet, nadat sy 'n jaar lank vir verdere studie in Stellenbosch was. Ons is seker dat haar aandeel in die Korfbal die hele klub tot voordeel sal strek!

L. VENTER
(Kapteine).

**ANDER KLUBS.**

Alhoewel niks van ander Klubs ontvang is in die vorm van artikel nie, is dit duidelik dat hulle ook groot planne het om hierdie jaar 'n groot sukses van hulle ondernemings gaan maak. 'n Mens dink hier veral aan die tennisklub wat vanjaar lewe openbaar soos nog nooit te vore nie—dit kan ook van die Jukskei-klub gesê word. Aan alle klubs wil ons sterkte toewens met hulle ondernemings vir hierdie jaar.

Dit word vertel dat die spook van Piet Grobler-huis bang is vir die spook van Heimat.

# *Varia Rubriek*

Nuuskierige aan die redakteur van „Die Wapad": Wat kyk jy dan vannaand so in die lug rond? Antwoord: Man ek soek al die hele aand na Benoon.

* * * * * *

Uit vertroubare bron word verneem dat Willem Malan binnekort sy snor sal afskeer.

* * * * *

Louis v. Lelyveld: Ek het op 'n goeie dag 'n bietjie „Cockleggs" by 'n tante gaan bedel. Toe ek wou terugkeer was my fiets se wiel „porridge." Om die tyd om te kry het ek toe maar gaan visvang, dog na tevergeefse pogings net 'n „barber" gevang.

* * * * *

Plerts in Fissiese Skeikundeklas: Maak my tog a.u.b. wakker as die tyd om is—dan het ek Plantkunde.

* * * * * *

Basie van Wyk kom op 'n Sondagaand by 'n kamer in Thaba-jäh ingestap met twee wasgoed sakke in sy hand. wat hy voor die deur opgetel het en vra aan die twee kamermaats: Is dit nie miskien julle goed die nie?

* * * *

Sommige persone is so tuis in die fyn tegniese puntjies van die spykerologie dat hulle daarin slaag om die eerste aand wat hulle 'n dame uitneem te ‚case," ander weer neem langer.

* * *

In alle geval, hoe dit ookal sy, of dit nou korter of langer duur en afgesien van die fyn tegniese puntjies en die toepassing daarvan—Spokie wil en gaan ongeag dit alles ook „case."

'n Kort ouheer ontmoet 'n lange in die skemerduister so om en by 6.45 n.m.: „Wie is jy?" vra die korte aan die lange. Antwoord: „'n Eensame reisiger op die terugpad tussen Thabaengkulu en Postma-huis."

* * *

'n Wyse het soveel om oor te dink dat hy nooit aan die praat kom nie. 'n Dwaas het sòveel om oor te praat dat hy nooit aan die dink kom nie.

* * *

Donkie Pienaar sien erg uit na die Sielkunde-prakties. Hy verstaan daar is 'n eksperiment waar 'n dame sy hand moet vashou.

* * *

'n Kwartier nadat die periode begin het ontmoet twee studente mekaar op die hoofgebou se trappe.
Eerste Student: Wat doen jy hier?
Tweede: Ek loop Hollands I.

* * *

Om slytasie te voorkom het sommige studente leer op hulle baadjies se elmboë gesit. Dis miskien 'n goeie suggestie dat sekere persone dit liewers aan die binnekant van die elmboog kan sit.

* * *

Dit word beweer dat Engeland hierheen kom. As dit so is hoef die Latyn I klas nie dáárheen te gaan nie.

* * *

Deesdae is dit nie net die fisioloë wat fisiologie-prakties loop nie.

* * *

Na aanleiding van die eerstejaars brosjure-antwoorde moet daar ongeveer 3 dosyn persone op die studenteraad wees.

## KENNISGEWING.

Ons wil net die studente se aandag daarop vestig dat F.C.S.V.-publikasies oor Opvoedkunde, Filosofie ens. te koop aangebied word deur Korps. V.V. Die boeke is te kry by mnr. J. Venter Heimat.

* * * * * *

## BEROEP.

Ons wil 'n ernstige beroep doen op al die studente om artikels te lewer vir „Die Wapad." Dit val vir die redaksie baie moeilik om 'n sukses van die blad te maak as ons nie 'n genoegsame hoeveelheid artikels ontvang nie. Skrywe oor alles en wat nog en lewer die artikels vroegtydig by een van die redaksie-lede in a.u.b.

* * * * * *

Studente ondersteun ons adverteerders in „Die Wapad." As u iets nodig het lê eerste 'n besoek by die adverteerders af en u sal tevredenheid ondervind.

## DIE WAARHEID.

Die mens met sy brandend-soekende gees
het maar 'n lewensduur
van 'n enkele uur
om 'n skip van Waarheid te bou
waarin sy gees 'n veilige koers
deur die see van die dood kan hou;
want skoonheid, eer, rykdom, jeug
swig voor die doodsmag in die stryd:
Die Waarheid alleen is Onverganklikheid.

J. P. B. VILJOEN.

## EERSTEJAARWYSHEID!

Eers 'n babetjie klein,
Sonder enige brein.
Later 'n bietjie verstand.
Kan al kruip op die sand.
Toe in die skool
Deur onderwysers gemoor.
Maar nou is ek hier
Om die P.U.K. te plesier.
(Foeitog!!)

MOFFIE.

Besoek die Studente-

en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN

★

*Bediening na u Bevrediging*

BLACK EN KIE
BEPERK.

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.

SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

Posbus 197. Foon 179.
KERKSTRAAT 61,
POTCHEFSTROOM.

W. J. GROBBELAAR
DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Helen Curtess Machineless Oil Perm.*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.

INGRAM SE BOTTELSTOOR
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

O.K BAZAAR
(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ens.

O.K. BAZAAR
POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

V83/4792